



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
ASSESSERINGSRIGLYNE
WISKUNDE: AFRIKAANS
GRAAD 3**

INLEIDING

Die 2015 Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse (JNA 2015) sal administreer word in alle openbare en geïdentifiseerde privaatskole in September 2015. Alle graad 1–3 leerders sal gedurende hierdie tydperk nasionale toetse in Huistaal en Wiskunde aflê. Die resultate van hierdie toetse sal gebruik word om te rapporteer oor vordering wat verband hou met die mylpale wat bereik moet word soos uiteengesit in die “*Action Plan 2015 Towards Schooling 2025*”.

Die JNA toetse sal gedurende die derde skoolkwartaal geskryf word en daarom het die Departement van Basiese Onderwys Assesseringsriglyn dokumente saamgestel wat van toepassing is op elke graad en vak (Huistaal en Wiskunde), wat die minimum kurrikuluminhoud uiteenset wat vooraf deur leerders gedek moet word, voordat die toets afgeskryf word. Die Assesseringsriglyne bepaal die omvang van die werk vir elke graad en vak wat in die toets gedoen moet word. Die riglyne bepaal die raamwerk vir die werk wat gedek moet word per graad en per vak. Die 2015 JNA is ontwikkel in ooreenstemming met die kurrikulum wat in die fase geïmplementeer moet word.

GRONDSLAGFASE

Die toetse sal saamgestel word uit die voorgeskrewe kurrikulum van Graad 1-3 vir kwartale een tot drie van die skooljaar. Die riglyne vir hierdie grade is saamgestel en georganiseer in drie kolomme en rye. In die eerste kolom word die inhoudsarea wat geassesseer moet word gespesifiseer. In die tweede kolom word die onderwerp wat geassesseer moet word uiteengesit en in die derde (laaste) kolom word die vaardighede wat assesseer moet word uiteengesit.

Let wel, die JNA 2015 Assesseringsriglyne impliseer nie dat slegs die afgebakende werk deur die skooljaar onderrig en geleer moet word nie. Intendeel, die Assesseringsriglyne voorsien die basiese minimum kurrikulum wat teen die einde van die derde kwartaal gedek moet word.

Van Opvoeders word verwag om die Assesseringsriglyne tesame met ander hulpbronne vir hul onderrig en Assesseringprogramme te gebruik.

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:
Getalle, bewerkings en verwantskappe	Tel aan en terug	Tel in 20s, 25s, 50s en 100e vanaf enige getal tussen 0- 700
	Getalsimbole en getalname	Skryf getalsimbole 0-1000 Skryf getalname 0-500
	Beskryf, vergelyk en orden	Beskryf en vergelyk heelgetalle tot 700 kleiner as, groter as, meer as, minder as en is gelyk aan te gebruik. Beskryf en vergelyk heelgetalle tot 700 van die grootste tot die kleinste en die kleinste tot die grootste
	Plekwaarde	Ontbinding van drie-syfergetalle tot 700 in veelvoude van honderde, tiene en ene Identifiseer die waarde van elke syfer/getal
	Probleemoplossings tegnieke	<ul style="list-style-type: none"> - Opbou/Afbreek - Verdubbeling en Halvering - Getallelyne - Afronding in tiene
	Optelling en aftrekking	Oplossing van woordprobleme in konteks en verduidelik eie oplossings met betrekking tot optel en aftrek met antwoorde tot 800
	Herhaalde optelling wat lei tot vermenigvuldiging	Los probleme in konteks op en verduidelik eie oplossings vir probleme deur gebruik te maak van vermenigvuldiging met antwoorde tot 75
	Groepering en verdeling wat lei tot deling	Los probleme op en verduidelik oplossings wat gelyke deling en groepering insluit , met antwoorde wat 'n res mag insluit tot 75
	Deling wat lei tot breuke	Los probleme op in konteks en verduidelik eie oplossings vir probleme wat gelyke deling insluit en wat lei tot oplossings met heelbreuke insluit
	Geld	Oplossings van geldprobleme wat totale en kleingeld in rand of sent insluit Herlei tussen rand en sent
Optelling en Aftrekking	Optelling tot 800 Aftrekking vanaf 800 Gebruik van gepaste simbole (+, -, =, □)	

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:
	Herhaalde optelling wat lei tot vermenigvuldiging	Vermenigvuldig met 2, 3, 4, 5, 10 tot 'n totaal van 100 Gebruik van gepaste simbole (+, x, =, , □)
	Deling	Verdeel getalle tot 99 met 2, 3, 4, 5 en 10 Gebruik gepaste simbole (+, -, =, □)
Patrone, Funksies en Algebra	Meetkundige patrone	Kopieer en brei eenvoudige meetkundige patrone uit deur lyne, vorms of voorwerpe te teken
	Getalpatrone	Kopieer en brei eenvoudige getalpatrone uit tot ten minste 750 deur aantal en terugtel in: 20's, 25's, 50's en 100'e tot en met 1000
Ruimte en Vorm	Posisie, oriëntasie en aansig	Volg aanwysings van een plek na 'n ander op 'n informele kaart Lees, interpreter en teken informele karate, of bo-aansigte van 'n versameling voorwerpe.
	3-D voorwerpe	Herken en benoem 3-D voorwerpe in die klaskamer en in prente bal vorms (sfere), boksvorms (prismas) en silinders Onderskei tussen geboeë of plat oppervlaktes
	2-D vorms	Benoem en groepeer vorms Sorteer en vergelyk 2-D vorms in terme van vorm, reguit sye en ronde sye Teken sirkels, vierkante, reghoeke en driehoeke
	Simmetrie	Bepaal die lyn van simmetrie deur weerkaatsing Herken en teken lyne van simmetrie in 2-D meetkundige en nie meetkundige vorms
Massa	Tyd	Lees 12-uur tyd op 'n analoog horlosie in ure, halfure, kwartiere en munute Bereken die lengte van tyd en die verloop van tyd Lees die datums op kalender. Gebruik kalenders om tyd te bereken en beskryf die tydsduur in dae, weke of maande Omskakeling van dae na weke/weke na maande

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:
	Lengte	Meet, orden en rekordeer lengte in sentimeter en meter
	Massa	Vergelyk, orden en rekordeer die massa van kommersiële verpakte voorwerpe waarop die massa aangedui is in kilogram en gram Gebruik woordeskat om die verskil tussen die massa van items te rekordeer bv. lig, swaar, ligter en swaarder
	Kapasiteit	Meet, vergelyk en orden die kapasiteit van houers deur nie standard mates te gebruik
Datahantering	Analiseer en interpreteer data	Herorganiseer die gegewe data in 'n lys, telmerkies of tabel "of" in 'n staafgrafiek Stel data voor op 'n staafgrafiek Beantwoord vrae oor data op die staafgrafiek